# DIE WEGPEN

Uitgawe Nr. 16
7 Junie 2011

## Dit en Dat

Welkom by hierdie uitgawe!!

Die Wegpen was maar stil die afgelope maand of wat aangesien daar nie veel aan die Jukskei front gebeur het nie.

Die  Boland se Nasionale spelers asook een span wat Boland verteenwoordig het, het in die 1 ste week van Mei deelgeneem aan die Namibia Prestige Ope Jukskei Kampioenskappe te Windhoek. Dit is ook die 70ste herdenking van Namibië Jukskei. Volgens Theuns was dit 'n baie lekker toernooi om aan deel te neem.

Jan Wiese is na 'n ernstige motorongeluk terug in Worcester. Hy begin al so 'n bietjie stap en is baie positief oor sy herstel. Hy het ook laat weet dat die boodskappe en gebede word baie waar-deer.

Sakkie Steyn is ook weer op die been en die man stap asof daar niks verkeerd was nie.

Die 60ste Algemene Jaarvergadering het Saterdag in Wellington plaasgevind. Die vergadering het in 'n goeie gees plaasgevind en daar is ook 'n paar belangrike besluite geneem. 'n Nuwe Uitvoerende Bestuur/Direksie is ook verkies. Sien die uiteenset-ting van die bestuur op bladsy 2.

Oom Willem Marais het ook voor die AJV aangedui dat hy nie meer beskikbaar is as President  nie, maar wel as lid van die direksie. Hiermee wil ons dankie sê vir die 2 jaar wat hy President was en somtyds 'n verskeidenheid opinies moes saamsnoer.

Die webblad is aan die gang en sal seker meer gebruik word gedurende die seisoen om inligting oor te dra aan die spelers en belangstellendes. Gaan loer maar so af en toe daar in.

### Aktiwiteitsprogram:

**20 Augustus 2011**
Kerneels van Deventer Dag te Worcester

**27 Augustus 2011**
2de Kaapland Klubkam-pioenskappe te Riversdal

**24September 2011**
Charl Marais Dag Worcester 2011

**8 Oktober 2011**
Openingstoernooi Wellington

Jan, 'n gelowige man, gaan jag. In die bos storm 'n leeu hom.  Hy bid vinnig en desperaat….. "Here, laat dit 'n Christelike leeu wees", is al wat hy uitkry. Die leeu stop by Jan, sit sy poot op Jan se kop en sê: "Seën Heer die voedsel wat vir my voorgesit is en maak my opreg dankbaar daarvoor. Amen"

# Uitvoerende Bestuur

**Op die 60ste AJV is die volgende persone tot die direksie van Boland Jukskei-unie verkies:**

| | |
|---|---|
| **President:** | Theuns le Roux |
| **Visie-president:** | Louwtjie Hugo |
| **Direkteur Administrasie:** | Annetjie de Klerk (aangewys deur Direksie) |
| **Direkteur Deelname:** | Paul-Daniel Marais |
| **Direkteure:** | Willem Marais |
| | Christel Rossouw |
| | Awie le Roux |

Die portefeulje verdelings sal later geskiet.

Geluk aan hierdie persone en sterkte vir die pad vorentoe.

**Punte uit die AJV / Werksessie**

Aangesien dit vanjaar verkiesing jaar is vir Jukskei SA  en dat daar 'n klompie belangrike punte voor die AJV gaan dien het die die direksie dit goedgedink om 'n vergadering met die klubs te reël sodra ons die sakelys en vergaderingstukke van JSA ontvang het, om te verseker dat almal tot op klubvlak op hoogte bly en insae kan lewer. Ons sal julle dus op hoogte hou en die stukke aanstuur soos ons dit ontvang.

Die speelprogram sal so gou as moontlik deurgegee word sodra alles gefinaliseer is.

**Jukskei SA Algemene Jaarvergadering en Presidentsvergadering**

JSA se AJV en die Presidentsvergadering vind vanjaar plaas op Vrydag 15 Junie en Saterdag 16 Junie 2011 te Kroonstad. Gelde betaalbaar deur die spelers word ook op hierdie vergadering goedgekeur en ons sal dit deurgee sodra ons dit het.

**Algemeen**

Ernstige aandag sal geskenk moet word aan insamelings vir die Unie. Fondse is stadig aan die afneem en die Unie kon die afgelope paar jaar geen noemenswaardige bydrae maak tot die spelers se kostes vir deelname aan die SA Kampioenskappe.

**2de Kaapland Klubkampioenskappe te Riversdal**


Die volgende klubspanne het gekwalifiseer om aan die Kaaapland Klubkampioenskappe te Riversdal op Saterdag 27 Augustus te gaan deelneem:

**A - Spanne**
1) Slanghoek A2
2) Gansbaai A

**B - Spanne**
1) Fleur-de-Lis B1
2) Oukraal B

**C - Spanne**
1) Fleur-de-Lis C
2) Kleinmond C1

Met petrolprys wat so aanhoudend styg het ek besluit om so 'n paar oplossings aan julle deur te gee!




| Photo | Description | Price | Year | My List |
|---|---|---|---|---|
| | Billiam 3yrs Old (T) no radio, no air conditioning WEBSITE<br>Economic grass eater. 0-5km/h in 1hr | R 869 | 2005 | ADD |
| | Oupaki T-Blaza 4yrs Old (T) no radio, no air conditioning WEBSITE<br>Economic grass eater. 0-5km/h in 1hr...rides like a dream.<br>Call Katlego: 0832206485 | R 850 | 2004 | ADD |
| | Mathata a Tsela 6yrs Old (T) no radio, no air conditioning WEBSITE<br>Economic grass eater. 0-5km/h in 3hr... he can even sing<br>Call Daval: 0737206492 | R 845 | 2002 | ADD |
| | Onkisa kae 7yrs Old (T) Hard worker, also works as lawn-mower<br>On spare time. 0-5km/h in 3hr. You'll have to buy the tree as well<br>Call Modiri: 0732597568 | R 799 | 2001 | ADD |
| | Bantlhoile 7yrs Old (T) Hard worker, also works as lawn-mower WEBSITE<br>Eats washing on the line sometimes. 0-5km/h in 4hr. Also good for Biltong | R 790 | 2001 | ADD |

**Hoe die toi-toi DING regtig werk:**

Die voorste klomp skree almal:
"**We want equal rights!!**"
Die middelste klomp kani mooi hoor nie en skree:
"**We want electrical lights!!!!!!**"

Die agterste klomp het nie 'n flippen idee waaroor dit gaan nie en skree:
"**We want big corn bites!!!!**"

Fluit fluit my storie is uit...

.
As julle enige iets in die nuusbrief wil plaas, stuur dit asseblief vir my na Louw.Hugo@Gmail.com of faks dit na 086 626 5767 en ek plaas dit in die volgende Wegpan. Groete.

